**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE HG**

**Possible Answers / Moontlike Antwoorde**
**Feb / Mar / Maart 2006**

---

AFDELING A
**VERPLIGTEND**

**VRAAG 1**
**KORT VRAE**

1.1 Meerkeuse-vrae

1.1.1 A
1.1.2 A
1.1.3 C
1.1.4 A — 4x2= (8)

1.2 Verduidelik woorde

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Ekklesia | : | Kerk/groep gelowiges saam<br>Godsdienstige vergadering - Jode<br>Politieke vergadering – Grieke |
| 1.2.2 | Eskatologie | : | Studie van die laaste dinge/eindtyd/dag van die Here |
| 1.2.3 | Parakleet | : | Vertrooster / Heilige Gees |
| 1.2.4 | Sinopties | : | Geheelbeeld |
| 1.2.5 | Sakrament | : | ? Sigbare simbool vir ? innerlike werklikheid<br>? Kerklike gebruik deur Jesus Christus (God) ingestel 5x2= (10) |

1.3 Name van persone

1.3.1 Melgisedek
1.3.2 Gamaliel
1.3.3 Migael
1.3.4 Nikodemus
1.3.5 Barabbas — 5x2= (10)

1.4 I Johannes : Ontvangers is onbekend – moontlik gemeentes in Efese

II Johannes : Die uitverkore vrou en haar kinders

III Johannes : Gaius 3x2= (6)

1.5 Hooftemas van Jakobus se brief

Geduld en volharding ondanks moeilikhede
Daders en nie net hoorders van die Woord nie
Die regte verhouding tussen ryk en arm
Veroordeling van sosiale verskille
Beheersing van die tong
Die krag van gebed. Geloof sonder dade is dood. 4x2= (8)

1.6 1.6.1 Matteus 2)

1.6.2 Jode (2)

1.6.3 Vir ? Jood is sy herkoms baie belangrik. (2)

1.7 Johannes en Jakobus 2x2= (4)

1.8 Hulle is broers (2)

1.9 God is die Primêre Skrywer, hulle is slegs instrumente. (2)

1.10 Voor die hoëpriester Kajafas (2)

1.11 Lidia (2)

1.12 Filemon (2)

1.13 Liefde (2)

1.14 Om in die openbaar te bid om ander te beïndruk.
Lang, betenislose gebede. 2x2= (4)

1.15 Na die wederkoms/in die hemel (2)

1.16 Laat U wil op die aarde geskied, net soos in die hemel.
"Vader .. laat nogtans nie my wil nie, maar U wil geskied." 2x2= (4)

1.17 Gee ons vandag ons daaglikse brood. (2)

1.18 Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen – laat dit so wees. 2x2= (4)
**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [80]**

AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling

### VRAAG 2

2.1 Taal en styl volgens Markus

Skryf in swak Grieks
Voeg sinne met 'en' aanmekaar (KAI)
Kort sinne, skryf soos ? kind
Lief vir 'dadelik' en 'gou'
Aramese woorde – word verduidelik

Voorbeelde – 4 punte maksimum

Gebruik historiese teenwoordige tyd
Gebruik dieselfde woorde oor en oor
Foutiewe voorsetsels word gebruik
Baie fyn detail bygevoeg

(Geen ander kenmerke verdien punte nie) 10x2= (20)

2.2 Redes waarom Paulus ? brief aan Filippense skryf

Paulus was in die tronk in Rome.
Gemeente in Filippi stuur Epafroditus met geskenke.
Om hulle te bedank vir die geskenke wat Epafroditus gebring het.
Hy het niks meer nodig nie.
Om te verduidelik dat hy Epafroditus gaan terugstuur. Hy het nie weggeloop nie.
Hy verduidelik dat Epafroditus ernstig siek was, maar dat dit nou beter gaan – hulle hoef nie meer bekommerd te wees nie.
Ontvang hom in liefde terug.
Om hulle moed in te praat dat hulle moet voortgaan met hulle goeie werk al word hulle ook verdruk.
Christus moet hulle tot voorbeeld wees nl. nederigheid.
Dit is ? oproep tot eenheid. Want Euodia en Sintige bring verdeeldheid onder hulle. Hulle moet eensgesind bly.
Christus – volmaakte voorbeeld van nederigheid van die kruis.
Hy waarsku hulle teen die gevaar van die Judaïsme.
Dit is mense wat wil hê dat Christene die Joodse gebruike moet nakom bv. besnydenis.
Paulus verwys na hulle as honde.
Wys op die gevaar van wettisme. Dit bevat persoonlike nuus.
Al is hy in die tronk, is hy nog bly. Paulus beplan om Timoteus na hulle te stuur.
Hy sal hulle bystaan – hy het hulle net so lief.
Hulle moet ook altyd blydskap ervaar.
Paulus se liefde vir hulle dwing hom om te skryf.
Hy stuur baie groete – ook van die keiserlike wag. 15x2= (30)

**[80]**

2.3 Outeurskap van II Petrus

Die probleem: die Grieks van II Petrus is veel swakker as die van I Petrus.

II Petrus stem baie ooreen met die brief van Judas – tog weet ons dat Judas lank na Petrus se dood geskryf is.

Ter ondersteuning van Petrus se outeurskap

In sy eerste brief, was Silvanus/Silas sy sekretaris – vandaar die puik Grieks.

II Petrus is deur die Apostel self geskryf, daarom swak Grieks – hy was net ? visserman.

Geen bewyse dat Petrus Judas se brief gebruik het nie – dit kon andersom gewees het.
Die skrywer verwys na sy eerste brief en ons aanvaar die Apostel het I Petrus geskryf.
Hy verwys na Paulus as "my geliefde broer" – dus ? mede-apostel.
Hy weet dat sy einde naby is.

Petrus was nie die outeur nie

Vroeë kerk was traag om hierdie brief te aanvaar.
Daar is min wat ooreenstem met I Petrus.
Die styl van die briewe verskil baie.
Daar is groot ooreenkomste met die brief Judas.
Die eerste Christene is reeds dood.
Paulus se geskrifte is toe reeds aanvaar. 15x2= (30)

**[80]**

**VRAAG 3**

3.1 Outeur van Johannes se evangelie

Hy was ? Jood

- Hy het alles geweet van die Joodse gebruike, bv. Joodse sienswyse teenoor vroue, hulle haat vir Samaritane.
- Hy was bekend met die Joodse wet en die Joodse feeste.
- Die evangelie is in die Griekse styl wat ? Jood sou gebruik, geskryf.
- Hy het die Ou Testament baie goed geken en besef dat gebeurtenisse in Jesus se lewe is ? vervulling van profesie.
- Ken Joodse geskiedenis baie goed, weet hoe lank die bou van die tempel geneem het.
- Weet dat al was Kajafas die hoë Priester, Annas nog steeds mag gehad het. 4x2= (8)

Hy was ? Jood van Palestina

- Hy het ? uitvoerige en deeglike kennis van die aardrykskunde van Palestina.
- Hy het Jerusalem goed geken bv. Betanië langs die Jordaanrivier en Betanië net buite Jerusalem, meer van Tiberias ook bekend as See van Galilea, Bad van Siloan, Steenpaadjie is Gabbata in Hebreeus, Bad van Betesda het vyf boë, ligging van Kapernaum in verhouding tot Kanaän.
- Hy het die tempel in Jerusalem goed geken. 4x2= (8)

Hy was ? ooggetuie

- Joodse feeste is gebruik om Jesus se werk te dateer.
- Die skrywer is baie spesifiek oor wanneer dinge gebeur het.
- Baie beskrywings sluit presiese getalle in.
- Baie gebeure word aanskoulik en in fyn besonderhede voorgestel.
- Vyf rogbroodjies wat die jong seun gehad het.
- Ses steenvaatjies wat elk ongeveer honderd liter gehou het.
- Gewig van mirre en alwyn wat Nicodemus gebring het.
- Die dissipels het ongeveer vyf of ses kilometer gevorder voor die storm losgebars het. 4x2= (8)

Hy was een van die twaalf

- Hy vertolk die dissipels se gevoelens in moeilike tye gedurende Jesus se bediening.
- Hy het aantekening gehou van die dissipels se private gesprekke.
- Hy het die plekke waar Jesus en die twaalf hul van tyd tot tyd afgesonder het, goed geken.
- Hy het die tye toe die dissipels Jesus se woorde nie verstaan het nie geken.
- Hy weet wat die dissipels onder mekaar gesê het.

Hy was Johannes, die geliefde dissipel

- Sit langs Jesus tydens hulle laaste maaltyd.
- Jesus vertrou sy ma aan hom toe. Teenwoordig aan die voet van die kruis. Die evangelie is deur die geliefde dissipel geskryf.
- Hy moes een van die drie dissipels wat die naaste aan Jesus was, gewees het. Die vierde evangelie is altyd baie presies oor name, maar Johannes se naam word nie genoem nie. 5x2= (10)

(Voorbeelde kry ook punte)

3.2 Pauliniese briewe (Kronologies)

Briewe aan jong gemeentes (Verlore briewe) (2)

I Tessalonisense: Vrae oor die wederkoms word bespreek en vrae oor wat gaan word van dié wat reeds dood is.

II Tessalonisense: Daar was nog misverstande en mense het opgehou werk – nou waarsku Paulus dat dit hulle plig is om te werk.

| | | |
|---|---|---|
| Galasiërs: | Paulus verduidelik dat die onderhou van Joodse wette (soos besnydenis) nutteloos is, want jou geloof in Christus red die mens, nie die Wet nie. | |
| I Korintiërs: | Wanorde en korrupsie in die gemeente van Korinte. Paulus beantwoord vrae oor huwelik, selibaatheid en afgodery. Hy praat oor die erediens en hoe belangrik liefde is. | |
| II Korintiërs: | Die spanning voor eerste brief is verbreek en Paulus troos die gemeente deur sy eie apostelskap te verdedig. (Hulle het hom verdink van geldverduistering). | |
| Romeine: | Alle mense word gered op grond van hulle geloof in Jesus Christus. ? Nuwe lewe volg met die Heilige Gees en liefde onderling moet die teken wees van opregte gelowiges. 6x2= | (12) |

Gevangenskapsbriewe of tronkbriewe (2)

| | | |
|---|---|---|
| Efesiërs: | Paulus verduidelik God se plan om Jesus die Hoof van ? nuwe broederskap te maak waar Jood en nie-Jood gelyk was. Elkeen het ? funksie in die kerk. | |
| Filipense: | Blydskap. Bedank vir geskenke. Waarsku teen Judaiste en bemoedigend. | |
| Kolossense: | Waarsku teen ? valse leer. God het deur Christus die wêreld gemaak en sal die mensdom deur Christus red. | |
| Filemon: | Getuigskrif vir ? slaaf. Filemon moet Onesimus terug ontvang as ? broer. 4x2= | (8) |

<u>Pastorale (herderlike) briewe</u> (2)

| | | |
|---|---|---|
| I Timoteus: | Timoteus word herinner aan sy herderlike pligte. Paulus verduidelik hoe ? kerk georganiseer moet word. Waarsku teen dwaalleer. | |
| II Timoteus: | Afskeidsboodskap van Paulus. Timoteus moet ? getroue dienaar bly en homself aan die evangelie wy. Waarsku teen laaste dae. Beskryf eie situasie. | |
| Titus: | Die pligte van elke lidmaat word verduidelik. Daar is ? behoefte aan goeie Christelike gedrag. 3x2= | (6) |

3.3 Openbaring

<u>Datum</u>

Die gemeentes in Klein-Asië het reeds bestaan.
Elke gemeente het al ? geskiedenis gehad.
Voor 96 N.C. kon daar nog nie sewe gemeentes wees nie.
Hy ken hulle goed – moes dus lank by hulle vertoef het.
Hy het eers in 67 N.C. Klein-Asië besoek – moet dus ná die datum wees.
Domitianus regeer tot 96 N.C. en het aan einde van sy lewe Christene wreed vervolg.
Vroeë kerkvaders aanvaar die datum.
Irenaeus, Eusebius en Hieronimus. 7x2= (14)

**[80]**

**VRAAG 4**

4.1 Markus was ? Jood wat sy evangelie aan Romeine gerig het

Evangelie het ? Semitiese (Joodse) aard.
Die Grieke het ? sterk Semitiese invloed.
Markus se moedertaal was Aramees.
Baie Aramese uitdrukkings word verduidelik.
'Boanerges' beteken 'manne van donder'.
'Thalita Koum' beteken 'dogtertjie staan op'.
Gebruik verskeie Latynse uitdrukkings bv. *legio*, *sensus*, *atrium* (binneplaas).
Griekse tegniese terme word in Latyn verklaar.
'Twee kopermunte is ? stuiwer.'
Baie Joodse gebruike word verduidelik.
Die Fariseërs het die gebruike van hulle voorvaders gevolg.
Hy laat alles weg wat net op Jode betrekking het, sê niks oor die vervulling van die Ou Testament nie.
Verklaar nie Joodse gebruike nie.
Die gelyke regte tussen ? geskeide paar is ? Romeinse gebruik.

(Leerders moet kan redeneer en die feite oortuigend gebruik by hierdie vraag)
10x2= (20)

4.2 Die ooreenkomste en verskille tussen die vierde evangelie en die drie briewe van Johannes

Ooreenkomste

Soortgelyke uitdrukkings: "Behoort aan God" "in die waarheid lewe" – word net in Johannes gevind.
Dieselfde struktuur: Almal begin met "Woord" en eindig met " ... dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo."
Antitese in beide: "lewe en dood", "lig en duisternis" en "kinders van God en kinders van die duiwel."

Verskille

Begrippe van die evangelie is nie in die briewe nie, soos "heerlikheid; Heilige Gees; opdragte; oordeel."
Begrippe van die briewe is weer nie in die evangelie nie soos: "Gees van God; Wederkoms; Antichris."
Die begrip voorspraak (Parakleet) verskil: In die evangelie is dit die Heilige Gees. In I Johannes is dit Christus.

Die Ou Testament word nie in die briewe aangehaal nie, terwyl dit dikwels in die Evangelie gebeur.
Verskillende teologiese begrippe soos: In die evangelie word beklemtoon dat Christus gekom het en teenwoordig is in almal wat in Hom glo.

In die briewe word die wederkoms beklemtoon. 10x2= (20)

4.3 Vorm van Pauliniese briewe

Opening / Inleiding

(a) Naam van sender – "Paulus, Apostel van Jesus Christus."
(b) Geadresseerdes – "aan die gemeente van God wat in Korinte is."
(c) Kort groet – "Genade vir julle en vrede van God..." 3x2= (6)

Danksegging:

Bevat gewoonlik ? dankbetuiging.
Lei die hooftema van die brief in deur die doel of rede van skrywe te gee. 2x2= (4)

Boodskap:

Bestaan uit twee dele:

(a) Dogmatiese deel (leerstelling) – belangrike Christelike waarhede word verduidelik.
(b) Praktiese toepassing – geadresseerde word aangespoor tot ? bepaalde gedrag. 3x2= (6)

Finale groete:

(a) Bevat soms persoonlike nuus of advies – "Die broers by my stuur vir julle groete"
(b) Laaste seëngroet "Mag die Here Jesus Christus met jou wees." Soms ook "Amen" ten slotte. 2x2= (4)

4.4 Paulus se omstandighede en vooruitsigte

Paulus is in die tronk.
Paulus was in vier tronke. Hoop om vrygelaat te word. Filippi, Jerusalem en Seserea was nie een van hulle nie.

(a) Dit kon nie Filippi wees nie, want hy skryf dan ? brief asof hy vêr is.
(b) Dit kan nie Seserea wees nie, want daar is Paulus te streng bewaak en kon hy nie vrylik besoekers ontvang nie.
(c) Dit kon ook nie Jerusalem wees nie, want hy was te kort daar in die tronk.
(d) Dit was die tronk in Rome, omdat Paulus melding maak van die "keiserlike wag" en die keiser woon in Rome.
Kan besoekers ontvang – dus huisarres.
Hy weet sy dood is naby.
Sou dit gebeur is hy bly, want dan is hy by Jesus.
Sou hy bly lewe, is dit ook goed, want dan kan hy meer mense wen vir Jesus.
Sou hy bly lewe, sal hy die gemeente daar in Filippi graag weer besoek.
Hy stuur intussen vir Timoteus na hulle.
Hy is bly hy is in die tronk – kan daar preek.

Al is hy in die tronk, kom hy niks kort nie.
Epafroditus was by hom, maar word nou teruggestuur nadat hy weer gesond is. 10x2= (20)

**[80]**

**VRAAG 5**

5.1 Paulus se lewensgeskiedenis

Uit die stam van Benjamin
Is besny. Fariseër.
Vervolger van die kerk.
Was Saulus uit Tarsus – gebore as Romeinse burger.
In Jerusalem by Gamaliël geleer.
Was teenwoordig met Stefanus se steniging.
Op pad na Damaskus bekeer.
Onderneem drie reise – bekeer heidene.
Word gevang en na Rome geneem.
Skryf talle sendbriewe.

(Oop memo – enige toepaslike feite moet punte ontvang.) 11x2= (22)

5.2 Gemeente van Filippi was anders

Paulus het ? noue vriendskapsband met hulle gehad.
Dit was die eerste gemeente wat hy in Europa gestig het.
Hy het hulle weer tydens die derde sendingsreis besoek.
Hulle was entoesiasties oor die Evangelie.
Hulle het ywerig gewerk vir die Evangelie en die uitbreiding daarvan.
Hulle stuur gereeld bydraes as Paulus gevra het.
Ander gemeentes het altyd probleme gehad, maar hierdie gemeente was vir Paulus ? vreugde.
Hulle het altyd geskenke gestuur – selfs nou vir Epafroditus self.
Paulus skryf "Ek het julle baie lief" "Julle is my blydskap ..." 6x2= (12)

5.3 Die outeurskap van die brief van Judas

Die naam 'Judas' was baie gewild.
Ten minste vyf figure in die Nuwe Testament is Judas genoem.

Paulus het by Judas van Damaskus tuisgegaan (gebly) terwyl hy blind was.
Judas Barrabas was ? leier in die gemeente in Jerusalem en het saam met Paulus op sy sendingsreise gegaan.
Twee van Jesus se dissipels is Judas genoem, Judas Iskariot wat Jesus verraai het en Judas, die seun van Jakobus wat nié ? dissipel was nie.
Judas, broer van Jakobus en Jesus – hy was die skrywer.
Hy noem homself net ? broer van Jakobus in sy brief, Judas 1:1.
Matteus verwys na Jakobus as die broer van Jesus.
Hy wil slegs as dienskneg van Jesus bekendstaan.
Verwys na Jakobus om gesag aan sy brief te gee.
Hy onderskei homself van die ander Apostels. 8x2= (16)

5.4 Die heerskappy van Jesus Christus in sy Kerk

<u>Die uniekheid van Sy Soewereiniteit</u>

Dit kan met geen ander koningskap/ryk/heerskappy vergelyk word nie.
Aardse konings het beperkte mag/gebied/tyd van regering.
Hy regeer oor die hele aarde vir ewig. Hy is enig.
Hy is ? Priesterlike Koning. In die Ou Testament het priesters namens mense geoffer.
Christus het Homself namens ons geoffer.
Hy verruil Sy grootsheid om aan Sy onderdane gelyk te word.
Hy kry Sy oppermag (soewereiniteit) terug deur Sy lyding.
Hy (koning) sterf vir Sy onderdane en nie anders om nie.
Hy maak ook van Sy onderdane priesters – Hy deel dus Sy priesterskap met ons.
(Ons sal saam met Hom op die troon sit). 3x2= (6)

<u>Die mag van Sy Soewereiniteit</u>

Hy besit die sleutels van alle deure.
Waar Hy oopsluit kan niemand sluit nie, en waar Hy gesluit het, kan niemand oopmaak nie.
Hy het die sleutels van die doderyk en van die dood.
Hy het die sleutels van die hemelryk/paradys.
Hy het mag oor konings en nasies.
Hy het die mag om die kandelaar (lamp) van ? gemeente te verwyder.
Hy kan die oorwinningskrone uitdeel.
Hy kan die name in die Boek van die Lewe skryf of uitwis.
Sy mag is so groot dat Hy dit kan deel as Hy wil – dan kan ons saam met Hom regeer. 3x2= (6)

<u>Konsekwensie (gevolge) van Christus se Soewereiniteit</u>

Hy sal alle mense oordeel. Hy is alwetend.
Hy sal die ewige lewe gee – die tweede dood sal die gelowige nie tref nie.
Hy sal saam met die gelowige feesmaal hou. Hy sal sy soewereiniteit deel.
Die gelowige moet volhard. Die ongelowige moet hom bekeer anders sal hy gestraf word.
Christus het alle mag om te oordeel. Hy het "? skerp swaard met twee kante."
3x2= (6)

<u>Die troos van Sy Soewereiniteit</u>

Al dreig Hy die sondaars, is daar tog genade vir hulle.
Al is hulle louwarm en byna aan die slaap, buig Hy af na hulle.
Hy kom nie net om te oordeel nie. Hy kom maaltyd hou en vergewe hulle.
In die uur van beproewing sal Hy die gelowige bewaar.
Aan die einde sal Hy die gelowige bekroon. Die tweede dood sal hulle nie tref nie.
Christus sal hulle wat getrou is aan Hom beskerm en red. 3x2= (6)

Die grootheid van Sy Soewereiniteit

Hy is koning bo alle aardse konings/regeerders. Voordat daar ? begin was, was Hy daar. Die aarde sal ophou bestaan, dan sal hy nog daar wees. Hy is die Alfa en die Omega. Alomteenwoordig. Sy koningskap word steeds groter, want daagliks word meer mense in Sy Ryk ingebring. Die finale heerlikheid sal eers met Sy wederkoms gesien word en dan sal almal dit sien (elke oog sal dit sien). Is altyd teenwoordig in sy kerk. Hy het ook die dood oorwin deur Sy opstanding. Hy is die Een wat is, wat was en wat kom. 3x2= **(6)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [160]**

AFDELING C

**DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE**

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.

**VRAAG 6**

6.1 God as Skepper

God is alleen die Skepper van alles.
God het uit niks geskep. God skep sonder enige hulp.
Alles wat God geskep het was goed. God het slegs gespreek en die skepping was daar.
Niemand was getuie van God se Skepping nie.
Die doel van die skepping was om God te verheerlik.
Die volle Drie-Eenheid was betrokke by die Skepping.
God skep deur Sy Seun – Hy spreek. Die Heilige Gees sweef op die waters.
God het ook engele geskep, sy boodskappers.
Die mens was die kroon van Sy Skepping.
Die mens is na die Beeld van God geskape.
Daar was ? spesiale verhouding tussen God en die mens.
Die mens heers saam met God oor die skepping.
Sonder God sal niks kan bestaan nie. God Drie-Enig het geskep. 13x2= (26)

6.2 Die waarde van die naam "Jesus"

Die naam dui die Persoon se Wese aan. Naam vertel jou meer van ? persoon se taak en wie hy werklik is.
Dit is ? persoonsnaam wat terugdateer na die ou Hebreeuse vorm "Josua".
Dit beteken God is heil/God is redding.
Belangrike mense in die Ou Testament dra die naam.
Soos die opvolger van Moses wat Israel in die beloofde land inlei of
Die hoëpriester wat Israel na die ballingskap teruglei.
In Jesus se tyd was dit ? gewone noemnaam.
Dit is ? Griekse naam wat beteken "God is verlossing".
Selfs ? towenaar Bar-Jesus of Barabbas was ook Jesus.
Die klem van die naam val op redding en verlossing.
Dit was Jesus se taak om dinge te verander en die mens te red/verlos. 9x2= (18)

6.3 Fundamentele redes waarom bygelowe nie aanvaarbaar is nie

Dit weerspreek die feit dat God alleen in beheer is van die toekoms en die skepping.
Dit weerspreek die feit dat God ons met ? vrye wil geskep het.
Die Bybel leer ons dat die mens geskep is met ? vrye wil.
Mens gebruik sy karaktereienskappe om God tevrede te stel.
? Persoon kies om te gehoorsaam of om te verwerp.
Indien iemand gehoorsaam, verkry hy ewige lewe, indien nie word hy veroordeel tot die dood.
Die keuse is myne en berus nie op die sterre nie.
Hierdie is valse gode. (afgode)

Ander bygelowe is

- 13 as ? ongelukkige nommer
- wanneer ? swart kat die pad voor ons kruis
- waarsêers
- astrologiese geboortetekens
- mag/status
- ? Besondere bende of groep
- God alleen gee voorspoed of beskerming, nie gelukbringers of toorgoed nie.
- om ? bygeloof te aanvaar is om God as gewer van gawes te misken.
- God is onveranklik en Almagtig.
- ? Bygeloof word ? afgod en dit word in die eerste en tweede gebod ten strengste verbied 10x2= (20)

6.4 Christelike vryheid

Paulus bevestig dat Christene vrygemaak is van die boeie van die Wet.
Jesus leer dat liefde die lewenstyl van ? Christen moet wees.
Geen mens kan liefdeloos optree en nog steeds homself ? Christen noem nie.
Om volkome liefde te hê, moet die Tien Gebooie gehoorsaam word.
“Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”
Christene moet so liefdevol lewe dat die medemens die God van liefde in hulle sien.
Wanneer ons werklik liefdevol is, sal ons alle mense met agting behandel.
Hierdie vryheid van die Wet beteken om God en alle ander mense bo ons eie selfgesentreerde belange te plaas.

(Hierdie feite is slegs riglyne) Oop memo 8x2= (16)
**[80]**

## VRAAG 7

7.1 Opstanding uit die dood

Jesus het op die derde dag opgestaan. Hy was werklik dood. God die Vader het Hom opgewek. Sy opstanding het werklik plaasgevind. Niemand het Hom gesien opstaan nie. Vroeg die Sondagmôre het vroue gegaan om Sy liggaam te salf – graf was leeg. Profesie is vervul dat Hy na drie dae opgewek sou word. Hy verskyn aan baie mense. Die leë graf was nie die enigste bewys nie. Hy verskyn aan die Emmausgangers, Sy dissipels, Petrus. Hy is opgewek met ? verheerlikte liggaam. Dit lyk asof Christus se verheerlikte liggaam nie presies soos Sy fisiese liggaam gelyk het nie. Op meer as een geleentheid is Hy nie onmiddellik erken nie.

Betekenis vir Christene

Die opstanding is die basis vir die Christelike geloof.
As Christus nie uit die dood opgestaan het nie, het ons niks om julle te leer nie en het julle niks om te glo nie.
Ons sal ook eendag opgewek word. Christus gee aan ons die hoop op die Ewige Lewe.
Ons sal ook verheerlikte liggame hê soos Christus. Paulus sê ons sterflike liggame sal onsterflik gemaak word en ons fisiese liggame sal geestelik word.
Ons word geroep om ambassadeurs van die Koninkryk te word. Ons moet bekering en die vergifnis van sondes aan alle nasies verkondig. (16)

7.2 Ewige Lewe – wat verwag kan word

God beskik oor die Ewige Lewe. Diegene wat in Christus glo, kan ook die Ewige Lewe kry. Dit is ? gawe van God. Deur in Christus te glo, kry jy dit. God wil nie hê dat enigiemand verlore gaan nie. Daar sal ons saam met God wees.
Geen honger, dors of swaarkry. Geen dood, rou, trane of pyn. God is verenig met ons op die nuwe aarde/hemel. Jy kry dit van die oomblik dat jy Jesus aanneem/glo. Daar is nie langer ? skeiding tussen God en die mens nie, maar volmaakte harmonie. Nie net vir die toekoms voortbestem nie. Dit begin wanneer ? mens deur die Heilige Gees wedergebore word. Met die dood gaan ons dit heeltemal binne as die gelowige permanent met God verenig word.
Die Heilige Gees help ons om in geloof te lewe, lei ons in Christus te glo en verseker ons van die Ewige Lewe. 7x2= (14)

7.3 Die doel van die Wet vir Christene

Die Nuwe Wet eis ? nuwe ingesteldheid teenoor die ou Wet.
Jesus benadruk dat wetsgehoorsaming ter wille van die openbare mening, is om dit te misbruik.
Die Nuwe Wet eis die regte ingesteldheid teenoor God.
Christene gehoorsaam die Wet omdat hulle God liefhet en vertrou, nie omdat hulle straf vrees nie.
Die Wet maak die mens bewus van sy sonde.
Die Wet herinner ons dat ons ? Verlosser nodig het oor ons sondaars is.
Die Wet maak die mens bewus van wat reg is.
Paulus verwerp nie Wetsonderhouding nie.

Hy besef dat die Wet jou lei na God.
Hy sê dat redding geleë is in geloof, nie wetsonderhouding.
Die funksie van die Wet is om die weg na Christus aan te wys.
Die Wet toon aan hoe ons ? lewe van dankbaarheid moet lei.
Die Wet berei die mensdom voor vir Jesus.
Ons kan nie voorgee ons is lief vir God as ons Sy Wet verontagsaam en nie ons naaste liefhet nie. 10x2= (20)

7.4 Jesus se houding ten opsigte van die onderhouding van die Sabbatdag

Christus het die Sabbat onderhou.
Hy veroordeel die Fariseër omdat hulle ? afgod maak van die onderhouding van die Sabbat.
Jesus was krities teenoor die onderhouding van die Sabbat wat geen ruimte laat vir goedhartigheid nie.
Dalk ? verskoning om iemand nie te kan help nie.
Volgens Jesus was die Sabbat gemaak vir die mens en nie die mens vir die Sabbat nie.
Christus is Heer van die Sabbat.
? Mens is nie verbied om goed te doen op die Sabbat nie.

(Enige feite in verband met lofprysings) 6x2= (12)

7.5 Die aanhef van die Onse Vader-gebed

God is Vader: Abba
Ons het ? hegte en persoonlike verhouding met Hom daarom noem ons Hom Vader.
Hy is die liefdevolle Vader op wie ons kan vertrou.
"Onse Vader" toon ons verhouding met ons naaste. Ons is almal broers en susters, deel van God se familie, geen onderskeid, diskriminasie of grense nie.
Onse Vader voorsien in al ons behoeftes (fisies en geestelik).
"wat in die hemel is" ons verenig met Christus wat by God in die hemel is. Hy sit aan die regterhand van God. Hy tree vir ons in by die Vader. Ons verenig met die Gees wat namens ons pleit. 9x2= (18)

**[80]**

## VRAAG 8

8.1 God se verhouding met die mens

<u>Hy skep die mens tot sy eie beeld</u>.
Dit beteken nie dat ons soos God lyk nie. Eerder dat ons tot ? spesiale verhouding met Hom kan kom. Ons kan tot sy leiding kom. Ons kan met God praat en Hy kan ons antwoord. Die mens het ? siel en ? gewete. Die mens ken die verskil tussen reg en verkeerd. Die mens is anders as die res van die ander skepping.

God gee die mens beheer oor die res van die skepping
Die mens heers oor die skepping ter wille van God. Om dit te kan doen, moet die mens ? spesiale verhouding met God hê. Dit sal hulle in staat stel om saam met God te kan werk. Alhoewel God allerheerser is, maak Hy dit vir ons moontlik om oor alles te heers.

God skep die mens met ? vrye wil
Die mens se dade word nie op hom forseer nie. Hy ken die verskil tussen reg en verkeerd. Hy kan kies tussen reg en verkeerd. Hy is nie net die meester van die diere maar ook sy eie dade en homself. Het vanaf die skepping die keuse tussen goed en kwaad gehad bv. Adam en Eva. Hy kan besluit om op te tree in ? situasie. 11x2= (22)

8.2 God se verhouding met die volk van die ou verbond:

In baie moderne taal word die woord "verbond" met die woord "testament" vertaal.
? testament kan gesien word as iemand se wens
dit is ? ooreenkoms tussen twee mense
die Bybelse verbond besit vier eienskappe
dit kom van God af
God neem die inisiatief
dit is gerig om mense wat hulle bevele van God af aanvaar
dit behels die belofte van redding
? fisiese teken vergesel die verbond 3x2=(6)

God se verbond met Adam (Die werksverbond)

God het sy eerste verbond met die mens gesluit deurdat Hy ? verlosser belower het wat die eenheid tussen God en die mens moes kom herstel. God verwag dat Sy verbondsmense die moeilikhede wat deur die sonde gebring is moet dra sodat hulle Sy verlossing geniet op die tyd wat deur Hom bestem is.
Fisiese teken is harde werk.
God beloof aan ons Sy verlossing. 3x2=(6)

God se verbond met Noag (Die Natuurverbond)

God het belowe om die aarde nooit weer deur ? vloed te verwoes nie. Hy het die reënboog as teken gegee. Sluit met ganse aarde. 3x2=(6)

God se verbond met Abraham (Die Genadeverbond)

mense word deur geloof gered
almal wat glo soos wat Abraham geglo het sal gered word
Die verbondsteken: die besnydenis. Bewys dat die verbond tussen God en die mens bestaan. 3x2=(6)

<u>God se verbond met Moses</u> (Verbond van die Wet)

God neem die inisiatief
Hy nooi mense uit om op die verbond te reageer
God gee aan hulle die Wet sodat hulle ? gedragskode kan hê
God verwag gehoorsaamheid. Hy seën gehoorsaamheid
Hulle sal sy volk wees
Hy sal hulle seën en hulle beskerm. 3x2=(6)

8.3 God verbied die misbruik van sy Naam

God se naam is heilig. Hy het Sy naam aan Moses geopenbaar. God se naam beskryf Sy karakter en persoonlikheid. God openbaar homself in Christus. Christene mag nie God se naam misbruik nie. Christene mag nie vervloek nie of mense sleg wens in die naam van Jesus. Christene mag ? eed neem. Christene word aangemoedig om op die naam van die Here te roep. Christene word gewaarsku om nie die naam van die Here te gebruik sonder enige rede. Om God se naam te misbruik is slegte gewoonte en onbeskof. 7x2= (14)

8.4 Gebed aangebied deur die geloof is effektief en kragtig.

Die gebed van ? regverdige is effektief en kragdadig. Elia was ? mens soos ons en sy gebede was beantwoord. Dit was so omdat hy geloof in God gehad het. As ons in die geloof bid, vertrou ons dat God ons ons begeertes sal gee. Mense wat swaarkry moet bemoedig word dat God die antwoord is wanneer hulle deur moeilike oomblikke gaan. Wanneer hulle die werklikheid van hulle situasie in die oog staar, moet hulle nie deur enige mites rondgeslinger word nie. Sulke oplossings sal net hulle lewe verder bemoeilik. Gebed in gehoorsaamheid en geloof bring hoop en die hoop bring wonderwerke.

(Oop memo) 7x2= (14)
**[80]**

## VRAAG 9

9.1 <u>Die kern van die Christelike geloof is vervat in die Bybel</u>

II Tim. 3:16 “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ? regte lewenswyse te kweek.”
2x2= (4)

In die Bybel openbaar God Homself – direk en indirek.
Die Bybel is getuie van wat God onder die mens gedoen het.
Wek geloof by die gelowige.
Lei die mens na God toe – sodat hy in vrede met Hom kan leef.
Lei hom om ? suiwer lewe te lei.
Leer hom om almal met liefde te hanteer. Leer hom van sonde en bekering.
Leer hom van God se name / God se verhouding met mense / God se gebod.
Leer hom van Jesus Christus / Sy dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms.
Leer hom van die Drie-eenheid.
Leer hom van vergifnis / opstanding en die Ewige Lewe. 8x2= (16)

9.2 God voorsien, onderhou en regeer die skepping

God se voorsiening

Hou verband met die woord om te voorsien. God voorsien sy kinders van alles wat hulle nodig het.
Die woord voorsien, kom nie voor in die Bybel maar wel die idee.
God voorsien aan die nood van die heelal. God is verantwoordelik vir alles wat bestaan.
God voorsien in sy skepping op ? algemene manier (Hy voorsien aan alle skepsels).
God voorsien aan gelowiges op ? spesiale manier. 4x2=(8)

God se onderhouding van sy skepping

Onderhouding beteken om voort te sit, Sy Gees is aktief in die heelal.
God het nie Sy skepping verlaat nie. Christus sê: “My Vader werk altyd, en Ek moet ook werk” God gee lewe. God onderhou Sy heelal (dit wil sê laat dit voortbestaan). 4x2=(8)

God se heerskappy

Is verwant aan die woord heers: Dit verwys na die feit dat God oor alles heers in die skepping. God beheer alle dinge deur Christus. God beheer sodat Sy reddingsplan in Christus vervul kan word. God skep die wêreld deur Christus en vir Hom. God red die mens sodat ? verhouding aangeknoop kan word.
God het totale outoriteit oor die wêreld. 4x2=(8)

9.3 Heilige Gees

Hebreeuse en Griekse woorde kan vertaal word met “gees / asem / wind / krag.”
In Ou Testament was die Heilige Gees ? krag wat van God af kom.

Die goddelike eienskappe van die Heilige Gees

Die Heilige Gees as ? “Ek” gee opdragte met goddelike gesag:

Die Nuwe Testament leer dat die Heilige Gees ? goddelike Persoon is. Aan hom word kwaliteite toegesê wat net aan God alleen behoort. Hy weet alle dinge en Hy is ewig. Hy is alomteenwoordig. Miskenning van die Heilige Gees is letterlik die verwerping van God self. Hy is heilig.
Hy gee goddelike opdrage
Lastering teen die Heilige Gees is die grootste sonde en daarvoor is geen vergewing nie.
Heilige Gees is nie net ? persoon nie, maar God – die Derde Persoon van die Drie-eenheid.
Jesus belowe dat die Heilige Gees gestuur sal word, en dan sê Hy ook: “Ek kom weer na julle toe.”
Paulus praat van die Gees van God en die Gees van Christus wat in die mense sal woon.
Naas die belofte van Jesus dat die Heilige Gees by die dissipel sal inwoon, beloof Hy ook dat Hy en die Vader by hulle sal inwoon. (22)

9.4 Gebed in die naam van Jesus aangebied:

Christus het aan ons die opdrag gegee om in Sy naam te bid.
Alles wat ons in Sy naam vra, sal Hy vir ons gee.
Ons moet deur Christus tot die Vader bid.
Hy is ons Voorspraak by die Vader.
Jesus tree vir ons in by die Vader.
Deur gebed verenig ons onsself met Jesus.
Deur in Sy naam te bid volg ons Jesus se voorbeeld wanneer Hy bid:
Afsondering / openbare gebed / vra hom hulp / God te loof / ens.
Christus se Naam is die waarborg van ons gebed.
Daardeur bewys ons dat ons Jesus as Middellaar aanvaar en in Hom glo.
Ons gebed moet ook volgens die wil van Jesus wees – tot eer van die Vader. 7x2=(14)
**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [160]**

**TOTAAL: 400**